Rietvallei
Kampnuus

Onverwags

28 TOT 30 AUGUSTUS 2026

(Of selfs 23 tot 31 Augustus)

VOORWOORD



'n Tweede keer het Rietvallei by Onverwags gekamp.
Die eerste keer in Maart 2025, as "2025 Spookkamp". 14 Rietvalleiers het toe meegedoen om die geheime bestemming uit te probeer en nie eens 'n varswatermeer of -twee in die grondpad van Lethlabile af kon hulle van dié voornemens afsien nie. In Augustus vanjaar het daar …14 waens saamgetrek, al het 'n paar Rietvalleiers gaan blomme kyk en Pieter Viljoen (letterlik) die potte in Blydepoort aan die kook moes hou. Dalena Marx het haar uitnodigingsnet uitgesprei en 5 SAWAnante van elders oorreed om saam te kuier; vier lede van Wapadrand en een van Streek Olifantsrivier.

Ons vriende van die ander streke het so goed ingeskakel, dat Dalena Marx twee insette (vrywillig aangebied) oor die saamtrek ontvang het. 'n Artikel van Helen de Wet (Olifantsrivier) en een van Geraldine Muller (Wapadrand). Beide is ingesluit. Gemeet aan hierdie saamtrek, lyk die Jakaranda saamkamp gedagte vir 2027 belowend.



Chris Pienaar vra haar opnie.



Vir 'n tweede opinie…

KAMP IN DIE BUITELUG

'n Buitelewe-kamp het sy eie ritme: Vure wat knetter, pale wat val, stoele wat opgeslaan en rond gedra word, mense wat lag en die wind wat deur die bome fluister.
'n Bybelgedeelte vir só 'n samesyn wat die natuur, die gemeenskap en God se teenwoordigheid saam bind en aansluit by die skepping, word geuiter deur die psalmdigter in Psalm 121:1–2:

> *"Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom?*
> *My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het."*

Hierdie psalm herinner ons dat God, wat die berge, bome, sterre en wind gemaak het, dieselfde God is wat ons dra, beskerm en lei. Dit bring vrede in mens se gemoeder, rus in die natuur en eenheid in die groep.

Gebed
Here, ons dank U vir hierdie plek, vir die natuur rondom ons, vir die asem van die wind en die warmte van die vuur.

Dankie vir vriende en die gemeenskap wat ons hier saambring.
Bewaar ons in hierdie kamp, beskerm ons teen gevaar, en vul ons harte met vrede.
Laat ons rus vind, vreugde deel, en herinner word dat U naby is — in elke ster, elke blaartjie, elke lag.
Seën ons saamwees, ons gesprekke, ons kos, en ons nagrus.

Mag hierdie kamp 'n plek wees waar ons U stem hoor en U liefde ervaar.
Amen.

Andy Toerien
(Boekevat Dinsdag)

SAAM IN DIE BOSVELD

23 – 31 AUGUSTUS 2026: ONVERWAGS-KAMPTERREIN, NOORDWES-BOSVELD

Van 23 tot 31 Augustus het 'n besonderse groep senior burgers uit Olifantsrivier en Wapadrand saam met Rietvallei, by Onverwags Vakansie Oord in die Noordwes-Bosveld saamgetrek vir 'n week van vriendskap, geloof, avontuur en sommer net lekker samesyn.
Die saamtrek is deur Bertus en Dalena Marx van Rietvallei gereël en gekoördineer.

'n Week van saamwees
Sondag het die eerste sewe waens gearriveer en almal het hand bygesit om tente en waens gereed te kry. Die aand het Dalena almal vir 'n Sjinese braai genooi. Bertus en Wynand het, onder Dalena se leiding, die kos behartig. Die aand is met koffie, koekies en lekker saamkuier afgesluit.

Maandag het nog drie waens aangesluit en weer het almal hand bygesit. Ná boekevat deur Bertus, het die groep saam gebraai.

Dinsdag het almal saam ontbyt gemaak. Daarna was daar tyd vir stap, swem, koffie by die kafeteria, 'n roomys of sommer net 'n lang kuier om 'n koffietjie. Andy Toerien het die aand boekevat aangebied met 'n besonderse boodskap. *(Sien voorgaande artikel)*

Woensdagmiddag het almal saam by die kafeteria geëet. Die middag se rit op elektriese fietse het groot vermaak verskaf. Sommige het gesukkel om die driewielers aan die gang te kry en hul balans te behou, terwyl ander sommer oor 'n elektriese boks gery het! Daar was baie gelag en nuwe staaltjies gebou om later oor te vertel.



***Middagete Woensdag**: Andy en Janetta Toerien, Tersia en Tinus Fourie, Bertus Marx, Frans en Stefanie Scholtz, Ann Stewart, Bets en Jan de Wet*

Die aand het Jan de Wet van Streek Olifantsrivier die boekevat hanteer, waarna almal weer rondom Bertus se groot vuur gebraai en gekuier het.

Donderdag het die groep saam deur die wildsplaas gestap en later het die laaste waens gearriveer. Uiteindelik was almal by die kamp! Donderdagaand het Geraldine Muller die Boekevat aangebied.

Tyd – vandag is 'n geskenk

Die boekevat-boodskappe van Geraldine Muller en Frans Scholtz het 'n besonderse tema gehad: "Tyd en die hede". Ons weet nie wanneer ons tyd sal aanbreek nie. Daarom moet ons gereed wees en nie wag vir "eendag" om die belangrike dinge te doen nie.

Ons het vandag. Ons het hierdie oomblik – en dit is 'n geskenk.

Dit het die groep opnuut laat besef hoe kosbaar hierdie tyd van saamwees is.

Vrydagaand het Dalena, Bertus, Stefanie en die dames almal met heerlike cheese-griller-warmbrakke bederf. Daarna is roomys, sommer in die koue, geniet!

Ook in moeilike tye is ons saam

Nie almal wat oorspronklik deel van die kamp sou wees, kon uiteindelik saamkom nie. Wynandt en Linda Theron moes ongelukkig onttrek, nadat Linda die week voor die saamtrek 'n beroerte gehad en in intensiewe sorg beland het. Sy is Saterdag verskuif en teruggevlieg van Kaapstad af. Sy is tans in Rusoord in Bela Bela, waar sy aansterk.

Ook Chris en Daleen Pienaar moes Saterdag die kamp vroeg verlaat nadat hulle die hartseer nuus ontvang het dat Stefan en Dawie, twee van Chrisjan se vriende, tydens 'n voertuigongeluk oorlede is. Hulle moes huis toe vertrek om hul kinders, asook hul vriende, in hierdie moeilike tyd te ondersteun.

Ons dink met baie liefde aan albei gesinne en dra hulle in ons gebede. ❤

Saterdag – Rugby, saamkuier en groot vuur

Saterdag het die groep weer met die trekker wild gaan kyk, terwyl sommige die driewielers aangedurf het.

Die middag was daar rugby, en dit was 'n welkome trekpleister ná die moeilike nuus van die dag. Seppie Muller het gesorg dat almal die wedstryd saam kon beleef deur 'n TV saam te bring. Terwyl daar aan heerlike eetgoed gepeusel is, het almal saam die rugby geniet.

Daarna het die vure hoog gebrand vir die groot gesamentlike braai. Soos deur die hele week, was dit weer ’n tyd om saam te eet, te lag, te gesels en mekaar se teenwoordigheid te waardeer.



Kuier-kuier terwyl die rugbywedstryd aan die gang is.

Sondag – Geloof en ’n heerlike bederf

Sondagoggend het almal saam geluister na die diens wat deur Frans behartig is. Dit was ’n rustige en betekenisvolle manier om die Sondag te begin.

Ná die diens is almal bederf met heerlike vrugteslaai, jellie en vla – weer eens iets wat uit die boonste rakke was! 🍓🍮

Die middag was dit groot potmaakdag, hoewel sommige kampers reeds moes oppak vir die terugreis.

Maandag het die res van die groep vertrek. Ná ’n week vol stap, wildkyk, rugby, braai, koffie, boekevat, lag en ontelbare gesprekke, was dit moeilik om totsiens te sê.

Maar dit was nie ’n finale afskeid nie – net:

“Tot ons mekaar weer sien!” ❤️

Hierdie saamtrek het weereens gewys dat ouderdom geen hindernis vir avontuur en vriendskap is nie. Elke dag het sy eie avontuur gebring, maar die grootste geskenk was die tyd wat almal saam kon deurbring.

’n Hartlike dankie aan Bertus en Dalena en aan elkeen wat gehelp het met kos, vure, boekevat, reëlings en al die klein dinge wat hierdie week so besonders gemaak het.

Onverwags 2026 – ’n week van geloof, vriendskap, avontuur en saamwees.

“Moenie wag vir môre om vandag te leef nie.” ❤️🌿🔥

Bets Theron (Wapadrand)



Trekker en wa vir ‘n veldrit

WEER BY ONVERWAGS - HIERDIE KEER SAAM MET RIETVALLEI.

Wat ‘n heerlike onverwagse verrassing! Die vorige keer wat ons hierdie oord besoek het, was hier baie minder geriewe. Die “plaasdam” wat in ‘n heerlike swembad omskep is, is ‘n pluspunt. Die nuwe glybaan, swembad en ander fasiliteite maak van hierdie oord ‘n “ek-kom-weer-kuier” plek. Hier is ook uitsonderlike aktiwiteite om die kinders mee besig te hou. Daar is 3 en 5 kilometer staproetes met baie wild om te sien en ’n “Catch & Release” visvang plek.




Nuwe swembad met die oordwinkel in die agtergrond.

Die motorfietse wat ons kon gebruik het, is ‘n groot pluspunt vir die oord. Daar is tweewiel en driewiel fietse. Ons het die geleentheid gebruik om ons bestuursvernuf uit te probeer. Die driewiel het gevoel of ons op ‘n Harley Davidson ry. Andy het vir ‘n bietjie vermaak gesorg. So byna het hy die hoekkant van ‘n ablusieblok kapoets gery. (Hy het ‘n “Marlize!” op homself getrek). Hy het maar toe aan die oorkant van die pad geparkeer om onder die wiele (voete) van die ander ryers uit te kom. Dit wou ook nie werk nie. Met die wegtrek ry hy ‘n kragboks om. ‘n Pluimpie vir die oord – toe ons terug is na die ryery was die kragboks weer staande en in werking.

Die trekker met ‘n wildkyk-sleepwa was vir die kampers baie lekker. Die trekker het vooruit gery en die motorfietse het gevolg. Ek is seker dat dit so beplan was, anders het die motorfietsryers beslis vinniger gery.









Vrydagaand is die heerlikste kaas ”grillers” in ‘n broodjie voorgesit. Almal het hieraan gesmul

Saterdagoggend was daar weer ‘n klompie wat die motorfietse aangevat het. Die ander minder “bangers” het die trekker met sleepwa verkies.

Langs die kamp is daar ‘n drinkplek vir die diere gebou. Ons was gereeld bederf om die diere van naby af te kan beskou.

Laat Saterdagmiddag was daar verversings en lekkernye. Ons het die rugby gekyk – gelukkig het die Springbokke gewen. Daarna het ons almal gebraai en die heerlikste slaaie is voorgesit. Nodeloos om te sê dat ons nie baie honger was na al die verversings nie.

Sondagoggend is die mooiste boodskap deur Frans gelewer en ons het heerlik gesing.

Na die kerkdiens en afsluiting het ons vrugteslaai geniet.

Die grootste van alles tydens hierdie saamtrek was die samesyn by die kampvuur saans. Die boekevat, braai, geselsies, grappies en baie meer is regtig spesiaal. Nuwe vriendskappe is gemaak.

Geraldine Muller (Streek Wapadrand)



***Vrydagstappers**: Tinus Fourie, Wynand Theron, Jan en Helen de Wet, Ansie Delport, Bertus en Dalena Marx, Johan en Erna la Grange, Hennie en Anne-Marie Engelbrecht, Gideon en Helena van Zijl.*







***By die Olifant**: Erna en Johan la Grange, Bets en Jan de Wet, Wynand Theron, Dalena en Bertus Marx, Andy Toerien, Ansie Delport, Hennie en Anne-Marie Engelbrecht, Helena en Gideon van Zijl.*



Advertensie



Halftyd in 'n veldrit.



Elektriese-Fiets ryers *Frans en Stephanie Scholtz, Janetta en Andy Toerien, Geraldine en Seppie Muller, Tinus en Tersia Fourie*





Ann Stewart en Bertus Marx geniet die geselskap.



Stappers by die dam*: Hennie Engelbrecht, Gideon van Zijl, Andy Toerien, Helena van Zijl, Anne-Marie Engelbrecht, Bertus en Dalena Marx, Wynand Theron, Ansie Delport, Erna la Grange, Helen de Wet en Johan la Grange*






Gideon en Helena van Zijl speel die nuwe spel "pickle ball",
Saam met Anne-Marie en Hennie Engelbrecht.



As mens reg wil lyk vir die rugby…
Tersia Fourie en
Anne-Marie Engelbrecht



Gekykte wild: Saterdagmiddag.



Kuier – en wildkyk –
Saterdag by die draad



Frans Scholtz bedank die kampkoördineerders: Bertus en Dalena Marx



Elmarie le Roux wens Helena van Zijl geluk met haar verjaarsdag



Tinus Fourie het verjaar.
Tinus word deur Elmarie le Roux geluk gewens.



Vrugteslaai, jellie en vla om mee af te sluit.



Magdalena Marx
(082-415-0976)
vir
Bioway goggagif
Swart sakke en
Skoonmaakmiddels

Bioway
1, 2,5 en 5 liters

Swartsakke (30µm)
50 of 10 sakke per pak

Skoonmaakmiddels
2, 5 en 25 liters

Advertensie